
ELDIE nuus news

ELDORAIGNE
AFTREELANDGOED · RETIREMENT ESTATE

Februarie 2023

## A word of welcome from your Chairperson – Wilma van den Berg




Welcome back to all our residents and a warm welcome to all our new residents.
We trust that you will become involved in all our Estate activities and make use of the services on the Estate. Feel free to use the restaurant and peep into the kiosk.
Our fencing project is underway again and we trust that all the fences will be replaced as soon as possible.
We want to start our relaxation and functions early in the new year. If you have any suggestions, please submit them to Reception.
Church services for this year will take place as published.
Exercises in the community hall started again, feel free to join, Monday, Wednesday and Friday mornings 08:00 and 08:30
The directors portfolios are as follows, please feel free to join as committee member :
Facilities and Communication : Ken Hall
Infrastructure and Social : Johan du Preez
Service centre and Frailcare : Wilma van den Berg
Finances : Johan Alberts
Security and Safety : Michael van den Berg
***We wish you a prosperous and blessed new year.***

## ‘’n Woord van welkom van u voorsitter – Wilma van den Berg




Welkom terug al ons inwoners en ‘n hartlike welkom aan al ons nuwe intrekkers. Ons vertrou dat julle gou sal inskakel by al ons aktiwiteite en gebruik sal maak van die dienste op die landgoed. Maak gerus gebruik van die restaurant en loer ook by die snoepie in. Ons omheining projek is weer aan die gang en ons vertrou dat al die heinings spoedig moontlik vervang sal wees.

Ons wil sommer vroeg in die nuwe jaar met ons ontspanning en funksies begin. As u enige voorstelle het, handig asseblief in by Ontvangs.

Kerkdienste vir hierdie jaar sal plaasvind soos gepubliseer.
Oefening in die saal het ook weer ‘n aanvang geneem, sluit gerus aan.
Maandae, Woensdae en Vrydae oggende 08:00 en 08:30
Die direkteure se portefeuljes is soos volg, indien u sou belangstel om aan te sluit kontak asseblief die volgende persone :
Fasiliteite en Kommunikasie : Ken Hall
Infrastruktuur en Sosiaal : Johan du Preez
Diens- en Sorgsentrum: Wilma van den Berg
Finansies : Johan Alberts
Sekuriteit en Veiligheid: Michael van den Berg

## ONS GROET….

Alida Pienaar, die Algemene Bestuurder by Eldoraigne Aftree Landgoed sedert 1 Augustus 2022 tot 31 Januarie 2023, het bedank. Sy het op 9 Desember in die huwelik getree met Woenie Viljoen en verhuis (saam met haar hondjie) na Upington.

Ons wens haar die beste toe vir hierdie nuwe hoofstuk in haar lewe. (HEV)



## Dankie sê̩:

Ek wil hiermee dankie sê̩ aan die Direksie en inwoners van Eldoraigne Aftree Landgoed wat my pad gekruis het. Elke woord van dankbaarheid, elke gesprek, elke gebaar van waardering en elke dag se voorreg om hier te kon dien, het bygedra tot nog 'n ervaring in my lewe. My tyd was kort, maar kosbaar. My seënwense gaan met almal. Mag die Here se vrede oor julle wees. Alida



# WELKOM TERUG HANSIE

Skaars 7 maande nadat ons in die Junie nuusbrief afskeid geneem het van Hansie, sluit hy hom weer by Eldoraigne Aftreelandgoed aan as Algemene Bestuurder vanaf 1 Februarie vir 'n tydperk van slegs 2 jaar.
Hy het na 'n skouervervanging in Augustus gaan nesskrop in die uitgestrekte rooi sandduine en vars lug in die Kalahari (sien foto); het tuin gemaak; 'n groentetonnel opgesit; hulle blyplek ingerig en beplan om nog steeds elke 6 weke daarheen terug te gaan vir 'n naweek.
Alida het bedank, en Hansie snel ons te hulp met sy kwalifikasies van BCom (Regte) en Nasionale Diploma in Eiendomsontwik- keling en Bestuur (Unisa). Saam met hierdie toepaslike akademiese kwalifikasies, ken hy alle Wette, Gidse, Regulasies, Riglyne, Reëls en protokols wat nodig is om 'n Landgoed van hierdie formaat bekwaam te bestuur.
Hy bring ook sy fyn aanvoeling vir die taal en taalgebruik (geen skrywe sal sy kantoor verlaat met taal-of tikfoute in nie! Afrikaans of Engels); sy noukeurige beplanning en nougesette uitvoer van sy take is sy trots. WELKOM TERUG!!

# KERKDIENSTE /CHURCH SERVICES 2023

Church services will be held every Wednesday in the Hall at 09h30. There will be no services during school holidays or on a public holiday

Kerkdienste sal plaasvind elke Woensdag in die saal om 09h30. Daar sal geen dienste wees tydens skoolvakansies en op publieke vakansiedae nie.

| Date/ Datum | Gemeente/ Congregation | Prediker/Preacher | Taal/ Language |
|---|---|---|---|
| 18 Jan | West View Methodist | Siphiwe Madi | Eng |
| 25 Jan | Herv kerk Eldoraigne | Adriaan Roets | Afr |
| 01 Feb | West View Methodist | Damian O'Grady | Eng |
| 08 Feb | NG Raslouw | Francois Esterhuizen | Afr |
| 15 Feb | Centurion West Presb | Wayne v Heerden | Eng |
| 22 Feb | Eldoraigne Familiekerk | Christiaan Ackerman | Afr |
| 01 Mrt | Neos Gemeente | Ralph Du Toit | Afr |
| 08 Mrt | West View Methodist | Siphiwe Madi | Eng |
| 15 Mrt | Herv Kerk Eldoraigne | Adriaan Roets | Afr |
| 22 Mrt | West View Methodist | Damian O'Grady | Eng |
| | No Church service | School holiday | |
| 12 Apr | NG Raslouw | Francois Esterhuizen | Afr |
| 19 Apr | Centurion West Presb | Wayne v Heerden | Eng |
| 26 Apr | Eldoraigne Familiekerk | Christiaan Ackerman | Afr |
| 03 Mei | Neos Gemeente | Ralph Du Toit | Afr |
| 10 Mei | West View Methodist | Siphiwe Madi | Eng |
| 17 Mei | Herv Kerk Eldoraigne | Adriaan Roets | Afr |
| 24 Mei | West View Methodist | Damian O'Grady | Eng |
| 31 Mei | Centurion West Presb | Wayne v Heerden | Eng |
| 07 Jun | NG Raslouw | Francois Esterhuizen | Afr |
| 14 Jun | Eldoraigne Familiekerk | Christiaan Ackerman | Afr |
| 21 Jun | West View Methodist | Siphiwe Madi | Eng |
| | No church service | School holiday | |

## WATERVERWARMERS (GEISER)

1.Die wooneenhede in die Landgoed het 2 tipes waterverwarmers:
  a.Woonstelle: die normale elektriese eenhede,
  b.Huise: die solar-tipe waterverwarmers.

Die verskil: eenhede in die woonstelle gebruik slegs die elektriese element vir waterverhitting, terwyl die eenhede in die huise 'n elektriese element, **sowel as** 'n sonpaneel het vir waterverhitting.

2.Basiese riglyne oor die aan/afskakel van geisers:
a.Die aan/afskakel van geisers op kort termyn om krag te probeer bespaar, is slegs 'n mite. Die hitteverlies wat verlore gaan weens afskakeling, gebruik meer energie om weer daardie water te verhit, as wat gespaar word.
b.Die voortdurende aan/afskakel is nadelig vir die elektriese komponente, en word glad nie aangemoedig nie.
3.Afskakeling oor lang periodes (meer as 'n week) om energievermorsing te vermy:
a. Eenhede in **woonstelle** kan met veiligheid afgeskakel word vir langer as 'n week, en weer aangeskakel word met terugkeer.
b.Eenhede in **huise** met sonpaneel stelsels, **moet nooit** heeltemal afgeskakel word nie. Nie by die klein kontrole eenheid, of by die elektriese verspreidingskas(DB) nie.
Hierdie afskakeling kan ernstige skade aan die sonpaneel en toerusting veroorsaak, aangesien daar 'n pompie is wat die water deur die sonpaneel sirkuleer.
By langer afwesighede moet die geiser slegs op die HOLIDAY modus gestel word. Dit word gedoen deur die Holiday knoppie in te hou totdat die teken op die skerm verskyn. (Gewoonlik 'n baie klein palmboompie)
By terugkeer, word dit weer gedruk en die teken sal verdwyn en die geiser sal weer volgens die normale program funksioneer.
Onthou by huise is dit belangrik dat die tyd op die kontrole-eenheid ooreenstem met horlosietyd.
Om die kontrole-eenheid se tyd reg te stel:
1.Druk die CLOCK knoppie, druk weer sodat die uur flikker, gebruik nou die + of- om reg te stel.
2.Druk CLOCK weer om die minute te laat flikker en dan + - om te verstel
3.Druk weer CLOCK en stel dag met + - (nie belangrik)
4.Druk weer CLOCK om oor te skakel na funksie

## COVID-19: WHERE IN THE WORLD?

**CHINA** is now the centre of Covid-19. After almost 3 years of trying to eliminate the virus that causes Covid-19 from within their borders, the Chinese government changed course and is attempting to "live with Covid-19". With no more testing; a lack of transparency; the official estimates 4 000 cases per day, while scientists estimate 1 million per day, it prompted a big concern over the world. Several countries (28) including USA, UK, Italy, Spain, India, Japan, Taiwan…already introduced strict checks on flights coming from China. (The Guardian)

### USA

A new Omicron variant, called XBB.1.5 is spreading quickly in America. According to the CDC (Centers for Disease Control and Prevention) estimates, it is now responsible for more than 40% of all Covid-19 cases nationwide-a month ago , it accounted for less than 4% of cases. This variant has a new mutation called F486P, that has "supercharged" the variant; is more transmissible and evades the immune system better than the other Omicrons.

According to Dr John Swartzberg, an infectious disease expert and professor emeritus at the California Berkeley's School of Public Health it is probably, in terms of its immune evasiveness and its ability to attach well, more formidable than any of the other sub variants currently around.

According to Andy Rothstein, a computational biologist from a biosecurity division , the XBB.1.5 variant is **more contagious** and **more immune evasive** than other Omicron versions, but likely not as bad as Delta. He said the new bivalent Covid boosters provide decent protection against XBB.1.5 and urge citizens to stay up to date with their flu and Covid vaccinations. XBB.1.5 is now the dominant strain in the US

### South Africa

In South Africa the XBB.1.5 variant was first detected on 27th December 2022 by researchers at Stellenbosch University, while they were doing gene sequencing. However**, no known** impact on cases, hospitalisations or deaths due to XBB.1.5 have been seen in SA so far. During the **past 38 days,** there were **8 767 infections** and **140 deaths** due to Covid-19 Omicron variant. Covid-19 did not disappear- it is still quietly lurking around us!

# **ELDO IN ‘n NEUTEDOP**:

## ‘n HANDIGE HULPMIDDEL VIR BLOKLEIERS

‘n opsomming om nuwe intrekkers (en ander) behulpsaam te wees met aanpassing en voete-vind.
Hierdie artikels het reeds in die maandelikse nuusbriewe vanaf 2016-2022 verskyn en is slegs ter opsomming en nie ter vervanging van enige amptelike dokumente nie.

Dit beskryf ook verskeie relevante aspekte wat nie volledig in die gids verskyn nie, soos sonkragpanele, gasinstallasies, mediese evaluering, inwonende versorgers, vesel, webwerf, Dstv-klub, kragopwekker,noodknoppies noodwater en woonstelbalkonne.

(saamgestel deur Ina Niemann)

Hierdie A5-formaat boekie van 32-bladsye in **Afrikaans** is **reeds** beskikbaar by die blokleiers. Besigtig dit daar tydens u volgende teedrink/straatbraai sessie en plaas u bestelling @ R 25.00 per boekie sodat u kopie gedruk kan word.
Die **Engelse** weergawe van 32-bladsye sal einde Februarie beskikbaar wees

## BESPREKINGSGROEP

Wat is die verskil tussen bystandkrag en sonkragstelsels? Hoe verskil hulle van mekaar? Wat is die beskikbare opsies? Om 'n ingeligte besluit te neem, het mens inligting nodig. Op die internet sien mens soveel uiteenlopende menings en elkeen met wie jy praat, het 'n ander siening.

Op **Dinsdag 14 Februarie om 10h00** praat 'n kenner in ons midde, Hendri Coetsee van Vinkstraat, oor al die beskikbare tegnologie, asook die voor- en nadele van die verskillende opsies. Daar is verskillende batterye op die mark: loodsuur, die sogenaamde deep cycle, lithium ion en LiFePO4. Hoe verskil hulle pryse en wat **moet** ek weet voor ek koop?
Ons gaan ook gesels oor dinge soos sonpanele, omsettertrollies en ander verwante sake. Kom verbreed jou kennis oor hierdie fassinerende tegnologie en wat dit vir jou kan doen.

### NUWE INTREKKERS

U word hartlik verwelkom deur die HEV hier by ons wonderlike leefstyl landgoed. Doen navraag by Ontvangs indien u nie die Leefstylgids vanaf die eienaar ontvang het nie en raad nodig het oor enige landgoed - aangeleenthede.

(NOV)
16 Nance Joubert
48 Koos Lessing
127 Neville en Anette Holl
182 Andries en Berdina v Rooyen
1110 Marie Barnard
1115 Anna le Roux
1224 Marietjie Croucamp

### STERFTES

Die HEV maak met leedwese die sterftes bekend van:

(NOV)
29 Elizabeth Kruger
155 Isak Heath
252 Fanie v Staden
1206 Kyriacos Savvides (Otk

"Die persoon wat vergeet om dankbaar te wees, het aan die slaap geraak in die lewe"

Wees dankbaar vir die geleende tyd saam met geliefdes en dink met dankbaarheid aan die herinneringe wat saam bymekaar gemaak is.

**Om ‘n plaas te groet….**

Op hierdie pragtige bosveldplaas het ek van kleintyd af gewoon toe die koedoes nog saam met die beeste naby die plaashuis verby geloop het. Ek was klein-kon nog nie fietsry nie, maar kon wel op ‘n donkie se rug vasklou. Onder die takke van die Brasiliaanse peperboom by die agterdeur, onder my ma se wakende oog, het ek my drome lệ en uitwerk. As ek eendag groot is… ..
Na my Pa se tweede hartaanval kon hulle nie meer alleen op die plaas bly nie en moes na Protea aftree oord-vanaf die rustige bosveldplaas na die besige Pretoria toe.
Dis warm in Desember toe ek hulle gaan oplaai. Die veld is droog en dis al asof die somerbosveld hom steeds in die winter se greep bevind. Die rooi grond van die ongeplante landerye vang my oog. Die reën is laat hierdie jaar! Tog is die beloftewolke besig om in die verte saam te pak. Ek wonder toe of ek nog een laaste keer gaan sien hoe lyk dit as genadewater op die droë rooigrond neersous.

Hoe pak jy ‘n leeftyd se herinneringe in ‘n Cressida? Ek staan op die plaasstoep en uitkyk oor die werf. Hier is te veel herinneringe vir ‘n paar bokse. Maar ek is haastig-daar is nog soveel wat gedoen moet word. Daar is nie nou tyd vir tob nie-ons kom mos in April weer plaas toe-min wetende dat my Pa –wie se hart en siel in die Bosveld gesetel was- se hart nie tot April sou hou nie.
Sy Desember-groet was dus sy laaste. Die toemaak van die plaashek was die laaste.

En ek was te haastig…..

Hoeveel van ons is te haastig? Ek was te haastig om by my siek buurvrou ‘n draai te maak en nou is dit te laat? Te haastig om simpatiek na my deurmekaar buurman te luister-al het ek die storie ‘n paar keer gehoor? Te haastig om stil te staan en te kyk na die blommeprag rondom my? Te haastig om soggens vroeg na die sonsopkoms te kyk? Te haastig om na die voëlgeluide te luister? Te haastig om stiltetyd te hou.

Te haastig om…. Staan stil! Bedaar! Luister! Kyk!

Dis ‘n nuwe jaar- maak tyd!

## CHAT GROUP

What is the difference between standby power and a solar power system? How do they differ? What are the available options? For an informed decision one needs information, but the conflicting opinions expressed on the internet, confuse us and every person you talk to, has a different view.

An expert in our midst, Hendri Coetsee from Vink street, will give a presentation in the hall on **Tuesday 14th February at 10h00**, about the difference between lead acid, deep cycle, Lithium Ion and LiFePO4 batteries.How do their prices differ and what should you know before you buy.
He will offer an analysis of current technology and the pros and cons of the different options. We will also hear about Inverter Trolleys, Off Grid Inverters, Hybrid inverters and solar panels.
Come broaden your knowledge of this fascinating technology and learn what it can do for you.

INSPIRASIE: ALLE MENSE HET WAARDE

Mense het groot waarde. Nog meer: Mense het ewige waarde. God sệ so. Hy het die mens na Sy beeld geskep. Selfs al het goor dinge soos sonde en die dood ons wệreld binnegeval, hou Hy nie op om mense te soek, te vind en te herstel tot hul oorspronklike glorie nie. Ons moet dieselfde doen. Ongelukkig is ons land deurtrek met 'n ander gevaarlike virus: **disrespek**. Om elke hoek en draai word mense se **menswaardigheid gesteel**.
Die kernboodskap van die Bybel is liefde teenoor God en liefde teenoor ander. Sulke liefde is sinoniem met **eerbied**. Dit verg dat **ons ander mense raaksien as mense in eie reg** en hulle ook so sal behandel**. Nee, ons hoef nie met almal saam te stem nie**, maar ons is liefde aan almal verskuldig. Dit sal gebeur as ons besef alle mense het ewige waarde vir God.

(Stephan Joubert)


love
ELDORAIGNE AFTREE LANDGOED
R1 100 000
Groot 1 slaapkamer woonstel / 54m² / 1 parkeer afdak
R2 345 000
3 slaapkamer / 2 badkamer / dubbel motorhuis / simpleks
R1 295 000
2 slaapkamer / 1 badkamer / parkeer afdak / woonstel
Ruan Erasmus
071 481 6199
ruan@csisales.co.za
CSi
Sales
Rentals
Property Management
Trustworthy Property Solutions
HAPPY
Valentine's
Day


CSi
Sales
Rentals
Property Management
Trustworthy Property Solutions
FALL IN LOVE WITH YOUR NEW HOME THIS
Valentine's
MONTH
AVAILABLE RETIREMENT RENTALS
PROPERTIES WANTED
ELDORAIGNE
AFTREELANDGOED · RETIREMENT ESTATE
1 Bedroom. 1 Bathroom Apartment from R7 300 p/m
2 Bedroom, 1 Bathroom Apartment from R8 300 p/m
Stella Cloete
072 459 2230
stella@csiproperties.co.za
*REGISTERED WITH THE PPRA
011 805 6316
www.csi-euf.co.za

# KERSETE

Die Kersete gehou op 9 Desember 2022 in die eetsaal, is bygewoon deur ‘n rekord getal van 181 vrolike inwoners, familie en vriende.

Die eetsaal was feestelik getooi, die ete was puik voorberei, het heerlik gesmaak en die personeel was op hulle beste. Menige inwoner was teleurgesteld omdat die eetsaal vol bespreek was, reeds ‘n week voor die ete.

Miskien kan daar einde van die jaar twee geleenthede wees om al die inwoners te akkommodeer?



























